*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*„Ek is my broer se wagter", is die taal van die Ossewabrandwag*

# Die O.B.

*„Ek is my broer se opposisie", is die taal van die partypolitiek.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 11 AUGUSTUS 1943. No. 38.

# Kommandant-Generaal Waarsku Teen Politieke Moorde

## O.B. Veg met Alle Middels vir Vryheid

**Elke vyf jaar moet mens een dag veg — deur 'n kruisie te maak — en dan 5 jaar rus tot daar weer eleksie is. So maak 'n volk geskiedenis — volgens die demokrasie. Maar die Ossewabrandwag praat anders, en doen anders. ELKE VYF JAAR MOET MENS ELKE DAG VEG, JAAR IN EN JAAR UIT TOTDAT DIE AFRIKANERDOM VRY IS VAN EMPIRE EN GELDMAG, VOLGENS DIE O.B. En mens moet veg met elke moontlike middel, nie net met kruisies nie. Op die vraag: „Wil ons die republiek kry met die stembus" antwoord die O.B. „stembus, omnibus of blunderbus, maar die Republiek wil ons hê en ons sal hom kry", het dr. J. F. J. van Rensburg op 24 Julie in 'n toespraak op Pietersburg gesê.**

Wat die verkiesing self betref is ons hande skoon, het die K.G. voortgegaan. Sonder om party te kies tussen hierdie of daardie republikeinse kandidaat ('n keuse wat lede vir hulself kon uitmaak), het die Ossewabrandwag net party gekies teen die Empire. As organisasie het ons voor die verkiesing 'n grootse aanbod van volmondige steun aan 'n gesamentlike opposisiefront gedoen. In elk geval is die hele ellende nou verby en ons Brandwagte wil enige meningsverskille daaromtrent vergeef en vergeet. **Want ons bou op 'n Volk en nie op stemme nie en ons sê dat die Afrikaner wat verkeerd gestem het, oneindig nader aan ons staan as die Jood wat reg gestem het.** En ek kom om 'n beroep op u almal te doen. Die beroep gaan oor 'n swakheid wat ons volk meermale afgrond toe gelei het, en dit nog meermale gaan doen, as ons nie dit teenwerk nie.

Ons hoor van politieke moorde in ander lande en ons sê tereg dat ons dankbaar is dat sulke dinge nie in Suid-Afrika plaasvind nie. Maar die tyd het gekom wanneer ons mekaar moet afvra of doodskiet dan die enigste vorm van politieke moord is. **Om 'n man dood te skiet is laakbaar — maar om hom dood te skinder is lafhartig. En net die lafharte in 'n volk bedien hul van hierdie wapen. En die kant wat hom meeste gebruik is die kant wat die meeste lafharte besit.**

### GENL. BOTHA

Neem 'n geval wat jare terug lê, dié van generaal Botha. Persoonlik is ek nie 'n aanhanger van die beleid wat generaal Botha voorgestaan het nie, **maar waar sommige in hom net die dweper met konsiliasie wil sien, verkies ek om te onthou dat dieselfde Afrikaner die held van Colenso was, van Dalmanutha en van 'n drie-jarige worstelstryd teen oorweldigende oormag. Tot sy dood toe het hy geweier om die afgebrande woonhuis op sy plaas te laat herbou, omdat hy gevoel het dat dit 'n gedenkteken moes bly van die barbaarse oorlogvoering van 'n imperialistiese dwingeland.** Terselfdertyd wat hy as Eerste Minister uit politieke oortuiging 'n konsiliasie-beleid gevolg het, het hy as Booregeneraal sy verwoeste woning as monument behou uit persoonlike piëteit. En almal het baie gepraat van die sy-kouse wat hy in Londen moes dra, maar niemand het gepraat van sy afgebrande plaas wat hy so gelaat het as aanmaning vir die nageslag nie.

En ons ken almal die geval van wyle adv. Tielman Roos. Toe hy, 'n siek man, sy veilige en rustige pos as Regter van die Appèlhof verlaat het om sy gewig in te gooi in die stryd om ons land af te kry van die goudstandaard — toe het dit gewemel van skinder- en skelstories. Elke minderwaardige, wat self vir 'n appel en 'n ei omkoopbaar was, het te vertel gehad hoe adv. Roos geld, ja £30,000, gekry het om so te handel. Alweer, net soos in die geval van genl. Botha, wil ek sê dat ek nie sy sienswyse gedeel het nie. Ek het gemeen dat ons, as goudproduserende land, ons vertroue in die goudstandaard moes handhaaf. Maar reg of verkeerd het ek adv. Tielman Roos goed genoeg geken om te weet dat g'n geld ter wêreld hom kon omkoop nie. Maar net soos die mense wat genl. Botha nie sou doodskiet nie, gretig was om hom dood te skinder, so het die skinderbekke teen Tielman te velde getrek. Kort na die skinderveldtog is Tielman dood — doodgeskinder. En toe is deur vriende bydrae vir sy nagelatenes ingesamel.

### PYNLIKSTE

Maar toe kom die mees tragiese geval. Die grootste volksfiguur van ons tyd, die man wat die stryd van die Afrikaner gevoer het van 1907 tot sy dood verlede jaar, generaal Hertzog, moes ook uitgepes en uitgeskinder word uit die breë geledere van sy volk. **Nadat hy tweemaal die groenkussings laat staan het om liewer met sy volk in die woestyn te wees, eers in 1912 en toe weer in 1939, moes hy op sy ou dag in sy graf gaan met 'n fluisterveldtog van aantygings van verraad. Van hom wat die nasionale Afrikanerdom uit die dieptes na die hoogtes gevoer het, is vertel dat hy „Vrymesselaarsbriewe" van verraaad geskryf het.** Middelmatige talente met oormatige ambisie het hom uit sy volk se geledere geskinder — en sy volk was oneindig armer daardeur en die volk het skade aan sy siel gely. En toe die waarheid die leuen agterhaal het en die lasteraars ander uitvlugte moes soek toe kom hulle met die storie dat dit natuurlik nie oor vrymesselaarsregte was nie, dog wel oor „gelyke regte van die Engelse", wat Hertzog en sy gevolg moes skei. Dit was glo sy ander doodsonde. Maar toe hy eenmaal in sy graf rus en sy persoon nie meer in die pad van middelmatige talent en oormatige ambisie staan nie — toe kon mens hom maar reg laat wedervaar. En toe sê dr. Malan in die Parlement op 'n mosie van roubeklag ingestel deur die Eerste Minister: „Sy (Hertzog) se stryd vir die regte van die Afrikaner sal nie maklik vergeet word nie. Hy het gestaan vir vryheid en vir gelyke regte vir die twee dele van die bevolking **wat ook die enigste grondslag is waarop 'n verenigde volk opgebou kan word".**

Maar hoekom dan Afrikaner-eenheid van Monumentkoppie verskeur en die volk se grootste seun grafwaarts skinder, as hy tog getrou en tog reg was?

Bowendien is die noodlottige gevolg, die hopeloosheid, van hierdie lasterlike aanvalle dat samewerking vir alle toekoms uitgesluit en onmoontlik gemaak word. Verskille oor beleid kan verdwyn weens nuwe ontwikkelings, maar verraaier bly verraaier. Nadat jy mense dag in en dag uit as verraaiers bestempel het, kan jy nooit weer die volk vra om waarde te heg aan samewerking met daardie „verraaiers" nie.

Ek noem u hierdie dinge nie om groot manne van die verlede te verdedig nie — hulle is te ver en te groot om hetsy deur lasteraars of deur verdedigers geraak te word. **Maar ek noem dit omdat ons hier te doen het met 'n kanker in ons politieke lewe, wat ons volk telkemale gaan skade**

(Vervolg op bls. 2, kol. 4)

## EMPIRE-BLAD RAAK SKRIKBEVANGE

### „Sosiale Stemme Roep nie Meer in Wildernis"

'n Skerp veroordeling van die demokratiese onmag en onwil word gevind in 'n onlangse hoofartikel van die Regeringsblad, Die Suiderstem. **Die toon wat die blad aanslaan is dié van panick en wel omdat hy onder die volle indruk gekom het van die nuwe sosiale ontwaking wat die Ossewabrandwag besig is om te bewerkstellig.** Dit is een van die blaaie wat onlangs ook groot spore van vrees vir die Volksbeweging nagelaat het. Die artikel, onder die opskrif „Voedsel-skandaal", lui o.a. as volg:

„Die voedsel-posisie het breekpunt bereik. In 'n land waarin ons volop het, vergeleke by alle ander oorlogvoerende en neutrale lande, word onnodige gebrek gely. In Kaapstad is daar 'n skreiende tekort aan vleis, eiers, botter en kaas. In meerdere of mindere mate is dit ook die geval in al die ander groter stede van die land.

Dit is geen wonder dat die publiek sy vertroue in die huidige beheerstelsel geheel en al verloor het nie. Ons wil deeglike beheer hê, beheer wat billike, doeltreffende distribusie sal verseker teen pryse wat vir die verbruiker bereikbaar en vir die produsent bestaanbaar is . . .

„Dat ons vandag hierdie toestande het, is daaraan te wyte dat ons nie reeds twee jaar of meer gelede hierdie dinge wou voorsien en daarteen optree nie.

„Ons moet die hand aan die ploeg slaan om die nuwe wêreld nou reeds te begin bou. Wie daaraan dink dat ons ná hierdie oorlog, met 'n verskuiwinkie hier en 'n regmakertjie daar, kan terugkeer tot die voor-oorlogse orde, maak 'n baie groot fout. **Daar het 'n nuwe sosiale bewustheid en gees ontwaak. Die sosiale stemme van voor die oorlog roep nie meer in die wildernis nie.**

„Die Verenigde Party is die enigste party in die land wat die vertroue van die volk en die regte beginsels het om daardie werk onmiddellik te begin uitvoer. **Maar daarvoor moet die Verenigde Party homself verjonk en verlewendig. Ons het 'n baie goeie ou motor, maar hy moet opgeknap word van voor tot agter."**

Ons neem aan dat die volk sal verkies om liewer in 'n splinternuwe motor te ry as in 'n oue wat „van voor tot agter" opgeknap moet word. Omdat die Ossewabrandwag die draer is van hierdie „nuwe sosiale bewustheid" is hy ook die aangewese liggaam om die gedagte toe te pas, en die volk weet dit.

## H./KOMDT.-SKAP STELLENBOSCH SAMEL MEER AS £600 IN

**Die eerste berigte omtrent Ossewabrandwagdag openbaar 'n geweldige styging in geesdrif en daadkrag in vergelyking met verlede jaar. Die funksie op Stellenbosch voorverlede Saterdag was gekenmerk deur buitengewone samewerking en goeie gesindheid. Die opbrengs totsover — sommige gelde is nog uitstaande — beloop al meer as £600. Verlede jaar was dit iets oor die £400.**

**Kaapstad se twee generaalskappe het meer as £1,200 opgebring. Ook dit is nog nie die finale syfer nie.**

'N

GULD GELEENTHEID

IN VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.
Posbus 6670.
JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ..............................................................

..............................................................

# Ossewabrandwag Enigste Weg na Vryheid en Eenheid

**Die onmiddellike doelstelling van die Ossewabrandwag is om die eenheid en vryheid van ons volk te verwesenlik. Aangesien die partypolitiek, soos tydens die jongste verkiesing weer duidelik geblyk het, totaal magteloos is om hierdie doeleindes te verwesenlik, bly die O.B. die enigste volksorganisasie wat hierdie grootse taak in belang van ons volk kan en sal volbring.**

Die vryheid wat die O.B. tans besig is om vir ons volk te verwerf, is nie net 'n negatiewe uiterlike vryheid nie, d.w.s. dit bring nie net mee dat ons volk vry sal wees van buitelandse inmenging en oorheersing nie. Hierdie soort van vryheid is so vanselfsprekend dat selfs vreemde landsburgers daarvoor pleit. Nog net die ekonomiese konsekwensies van 'n dergelike uiterlike staatkundige vryheid is vir die vreemde landsburgers op die oomblik te veel om te sluk.

Die Ossewabrandwag erken geredelik dat die partypolitiek in die verlede wel daarin geslaag het om belangrike stappe op die weg na uiterlik staatkundige vryheid te doen. Veral aan wyle genl. Hertzog kom die eer toe dat hy langs partypolitieke weg die vryheid van die Suid-Afrikaanse staat teenoor alle buitelandse state, insluitende Brittanje steeds in toenemende mate verseker het.

**Dog onder vryheid verstaan die Ossewabrandwag ook die innerlike vryheid van die organiese volk, in ons geval van die Afrikanerdom.** As die uiterlike staatkundige vryheid nie op die innerlike positiewe vryheid van die volk berus nie, is daardie vryheid niks meer as 'n skynvryheid nie. **Innerlike vryheid beteken die vryheid van die volksiel om in al sy uitinge volledig homself te wees.** Innerlike vryheid is nie 'n doel op homself nie maar is 'n geestestoestand van die siel en wese van die volk, daardie geestestoestand, naamlik, waarin die volksiel in die eie tradisie, taal, kultuur en roeping van die volk beliggaam word en waaruit al sy denke, voele en handelinge, op grond van sy eie begaafdhede konsekwent voortspruit. **'n Volk kan uiterlik, deur middel van sy staat, vry teenoor ander state wees, dog terselfdertyd innerlik verkneg en verslaaf wees aan 'n oneie tradisie, taal, kultuur en roeping.**

Alleen as hierdie innerlike volksvryheid, wat in die eerste plaas pligte meebring, die grondslag van die staatkundige vryheid vorm, is hierdie uiterlike vryheid 'n werklike vryheid. En juis ten opsigte van hierdie belangrike voorwaarde van 'n werklike staatkundige vryheid het die demokratiese partypolitiek sy inherente magteloosheid oor en oor getoon. Immers innerlike volksvryheid beteken noodwendig organiese eenheid. Alleen wanneer 'n volk innerlik vry is, vorm hy 'n werklike eenheid. Innerlike vryheid en eenheid is twee kante van dieselfde saak.

Aangesien die demokratiese partypolitiek nie alleen tot 'n verdeelde volksgemeenskap lei nie, maar alleen in 'n dergelike verdeelde gemeenskap kan bstaan, kan dit nooit innerlike volkseenheid, en daarom innerlike volksvryheid verwesenlik nie. En omdat innerlike volkseenheid en volksvryheid nie alleen nooit deur die demokratiese partypolitiek teweeggebring kan word nie, maar ook deur die partypolitiek stelselmatig vernietig word, is alle uiterlike staatkundige vryheid wat op die partypolitiek berus, niks meer as skynvryheid nie.

## EENHEID

Net soos in die geval van vryheid, verstaan die Ossewabrandwag onder eenheid nie bloot 'n **uiterlike** toestand van die volk nie, maar 'n **innerlike** geestes- en lewenstoestand.

Ook die demokratiese partypolitiek skryf 'n ,,eenheidstrewe'' op sy banier. Die eenheid van die partypolitiek is egter 'n uiterlike eenheid, 'n eenheid naamlik wat deur die koalisie van partye en groepe alleen in 'n tyd van algemene nood tot stand gebring word. Hierdie uiterlike eenheid is nie 'n natuurlike, lewende eenheid van saamdinkende, saamvoelende en saamhandelende volksgenote nie, **maar 'n eenheid van stemgeregtigde staatsburgers wat van mekaar ten opsigte van tradisie, taal, kultuur en roeping kan verskil.** Hierdie soort van uiterlike eenheid word gespan om die draadjie van 'n wisselende partypolitieke program. Dit is die enigste grondslag waarop dit gevestig word.

**Die Ossewabrandwag, daarenteen, strewe na die innerlike eenheid van die organies-groeiende Afrikanerdom, 'n eenheid wat voortgroei uit die innerlike vryheid van die volk. Hierdie eenheid berus op die gemeenskaplike tradisie, taal, kultuur en roeping van die volk en word steeds in groter mate verwesenlik deur die gemeenskaplike saamdink, saamvoel en saamdoen van die skeppende en arbeidende volksgenote as uiting van die eie kenmerkende begaafdhede van die volk. Hierdie eenheid is nie die gevolg van 'n uiterlike partypolitieke program-kompromis nie maar die uitgroeiing van 'n innerlike gemeenskaplike volksaktiwiteit.**

Innerlike volksvryheid en innerlike volkseenheid kan nooit deur die demokratiese partypolitiek verwensenlik word nie. Dit kan alleen verseker word as die organiese volk georganiseer en gelei word om op grond van sy eie lewensbeskouing en as uiting van sy eie begaafdhede gemeenskaplik te dink, te voel en te handel. Innerlike eenheid is dan nie bloot uiterlike staatkundige eenheid teenoor ander volke nie maar 'n organiese volkseenheid wat na binne gekeer is, 'n onderlinge eenheid van gemeenskaplike optrede, d.w.s. 'n nasionale sowel as 'n sosiale eenheid.

Die innerlike vryheid en eenheid van ons volk vind sy suiwerste beliggaming in die Ossewabrandwag. Geen ander werklike vryheids- en eenheidsbeweging bestaan in ons land nie. Geen ander weg as die weg van die Volksbeweging lei tot innerlike vryheid en eenheid nie.

## VERWYDERING

As ons nou ná die verkiesing weer hoor van eenheidsbewegings moet ons weet dat dit alleen nuwe opportunistiese bewegings, openlik of bedek van uiterlike partypolitieke aard is. **Hierdie soort van uiterlike eenheidspogings, wat altyd op partypolitieke programooreenkomste berus, voer ons altyd verder af van ons innerlike vryheid en eenheid wat deur die Ossewabrandwag steeds in groter omvang en vaster diepte verwesenlik word.** Die grootste vyand van ons innerlike volksvryheid is die Britse demokratiese partypolitiek. Die grootste vyand van ons innerlike volkseenehid is ewe-eens die Britse demokratiese partypolitiek waarop die Empirebewind in ons land gevestig is.

Maar ook die Republikeinse demokratiese partypolitiek is onwillekeurig die draer van die knegskap en verdeeldheid van ons volk, en is magteloos om ons innerlike vryheid en eenheid te verwesenlik.

Die Ossewabrandwag, as die enigste volksorganisasie wat besig is om volledige vryheid en eenheid, uiterlik sowel as innerlik, vir ons volk te verwesenlik, knoop daarom die stryd teen alle demokratiese partypolitiek aan. Alleen langs die weg van die O.B. word werklike Republikeinse volksvryheid en volkseenheid verwesenlik.

## K.G. WAARSKU TEEN POLITIEKE MOORDE

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

**doen, in sy siel en in sy liggaam.** Ook teen die strydende geledere van die Afrikanerdom in die Ossewabrandwag word hierdie metodes vandag gretiglik en giftiglik aangewend. Benewens denunsiasie en uitlewering van S.J.'s en O.B.'s aan die Empire-handlangers is dit net skinder- en skakelstories.

**Die O.B. sal homself verdedig, maar veral sal hy die eer en die siel van die volk verdedig teen sulke besmetting.** Niemand wil regverdige kritiek smoor nie, en elkeen het die reg om van 'n mede-Afrikaner te verskil. Maar niemand het die reg om hom te beswadder nie.

**Die Afrikanerdom as eerbare volk kan net veragting vir 'n skinderbek hê en as daar net een doeltreffende manier is om dit toe te maak, naamlik om dit toe te slaan, dan is dit 'n manier van toemaak wat die Volk tot heil en die betrokke Brandwag tot ere gereken sal word in breë Volkskringe, buitekant sowel as binnekant die Beweging.**

Want die Ossewabrandwag wil die Afrikanerdom bevry van alle kettings wat staan in die pad van volksbestemming, bande van buite, wat ons aan 'n oorsese Empire bind, as ook bande wat uit die modder in ons eie land die Afrikaner telkemale laat struikel juis op die oomblikke wat die vyande die felste houe slaan.

**Skud hierdie bande af — en u kinders kan 'n vaderland bewoon wat die bloedoffers uit ons verlede waardig is.**

## 'N NOODKREET

Die Kerk het 'n oproep tot die volk gerig in verband met die verskriklike droogte in die Klein-Karoo. Nie minder nie as 800 gesinne verkeer in die hoogste nood en tensy hulle gehelp word aan lewensmiddele sal hierdie volksgenote van ellende moet vergaan. Na verneem word is daar reeds van O.B.-kant op sommige plekke hulp verleen, maar dit is nie iets wat plaaslik alleen aangepak kan word nie. Ons wil dus hoop dat daar uit alle oorde gunstig geantwoord sal word op die noodkreet.


## 'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

**,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.''**

# MEER AS 200 KURSUSSE

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet:** ,,'N BOODSKAP AAN U''.

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ____________________

Naam ____________________

Adres ____________________

(O.B., 11 Aug. 1943) ____________________

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).**

# HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

**VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,**

JOHANNESBURG

**POSBUS 3512** **FOON 22-3512**

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

# ,,Die Gedissiplineerde Afrikanerdom''

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

**Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.**

**Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.**

- **Verering van Boerehelde.**
- **'n Blik uit die slag van Amajuba.**
- **Die Stille skoonheid van die Wildtuin.**
- **Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.**
- **15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.**

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A :

| | | | |
|---|---|---|---|
| MAITLAND .. .. .. | 19 Aug. | CALEDON .. .. .. | 25 Aug. |
| BELLVILLE .. .. .. | 20 Aug. | RIVERSDAL .. .. .. | 26 Aug. |
| KAAPSTAD .. .. .. | 21 Aug. | GEORGE .. .. .. | 27 Aug. |
| BONNIEVALE .. .. | 23 Aug. | OUDTSHOORN .. .. | 28 Aug. |
| MONTAGU .. .. .. | 24 Aug. | UNIONDALE .. .. | 30 Aug. |

# Die Eie Nuwe en Die Vreemde Oue

Tydens die verkiesing het al die partypolitieke leiers en kandidate deur tallose verklarings en vlugskrifte vir die „stomme" kiesersmassa beduie hoe sake nou eintlik in mekaar sit, wat presies op politieke gebied aan die gang is, hoe hulle weer orde uit die chaos gaan skep en na dese 'n sorglose paradys in hierdie kommervolle wêreld vir elkeen sal optoor . . . .

As ons hierdie stroom van verklarings en vlugskrifte 'n bietjie rustig deurlees, tref dit ons op watter oppervlakkige manier die „stomme" kiesersmassa met holle afgesaagde sentimentele frases opgeroep word om hul „hoogste" reg, 'n kruisie op die stembriefie, uit te oefen! Die taal van hierdie verklarings en pamflette is die taal van die sterwende en uitgediende liberalistiese demokrasie en partypolitiek, die taal van die vreemde oue, die taal van die diplomasie wat manlike en reguit woorde vermy . . . .

Nie in een van al hierdie verklarings en vlugskrifte lees ons een enkele grondige en reguit woord oor die allerbelangrikste gebeurtenis wat vandag onder ons oë plaasvind nie, nl. die Rewolusie van die Twintigste Eeu. Tot vervelens-toe word van 'n „oorlog" gepraat soos mens maar altyd van „oorloë" praat.

**Die werklike kern van die huidige wêreldstryd, nl. die stryd van 'n nuwe en gesonde volksosialisme teenoor die oue en sieklike klassekapitalisme, die vervanging van 'n ou uitgediende wêreldorde deur 'n splinternuwe lewenshouding, is doodgeswyg!** In die verkiesingsverklarings verneem ons wel van uiterlike „hervormings" van die ou sterwendoe orde, asof 'n nuwe geboorte niks meer is as 'n herlewing van iets wat reeds morsdood is nie! **As die wese van die ou orde tot die dood toe siek is, kan geen hervorming hierdie orde meer red nie. En dit is die geval.**

Die Ossewabrandwag praat nie meer in die taal van die sterwende oue nie maar in die taal van die wordende eie nuwe, praat nie meer die taal van 'n kromme diplomasie nie, maar 'n reguit manlike taal . . . .

**Die Ossewabrandwag wil nie iets wat reeds sterwend is, hervorm nie. Hy wil ook nie nutteloos timmer aan 'n verrotte struktuur wat besig is om inmekaar te tuimel nie.** Al wat hy bereid is om vir die ou demokratiese orde te doen, is om sonder trane en weemoed sy begrafnis te aanskou.

Die Ossewabrandwag hou vir homself geen agterdeur oop nie. Hy laat geen skepe by die invalshawe agter vir 'n moontlike duinkerke nie. Hy gaan reguit vorentoe op sy doel af, al verloor hy daardeur die steun van weifelendes en banges!

Die Ossewabrandwag verklaar openlik dat hy die draer is van 'n nuwe Afrikaanse volksgeboorte, 'n nuwe eie volksosialistiese orde wat inpas in die Nuwe Wêreldorde van die Twintigste Eeu.

**Die O.B. begryp die kern van die rewolusie van die Twintigste Eeu, dra daardie kern in homself en veg vir die oorwinning van 'n eie nuwe wordende nasionale en sosiale lewenshouding, waarop 'n nuwe blanke wêreldorde gesond en stewig kan word, 'n orde waarin die Afrikanerdom volledig homself, verenigd en vry, sal wees.**

Die O.B. is nie moeg nie, is nie uitgespook en uitgeraas nie, vra ook geen vyfjarige rusperiode nie, maar leef aktief van sekond tot sekond in en vir die volk. Die klanke van die huidige wêreldrewolusie, van die stryd van volksosialisme teen klassekapitalisme en -kommunisme, verdwyn nie vir die O.B. in die geraas van 'n „oorlog" nie, maar vind in die harte en dade van die Brandwagte 'n weerklank van diens, offervaardigheid en oorwinningsmoed.

Die vreemde oue maak plek vir die eie nuwe.

## SELFOORSKATTING EN ONDERSKATTING VAN DIE VYAND

Dit is moontlik dat die jongste gebeure in Italië weereens as waarskuwing vir oorlogvoerendes sal dien om nooit hulle vyande te onderskat nie. Onderskatting van die vyand en oorskatting van eie mag is 'n flater waaraan elke oorlogvoerende moondheid hom in die huidige oorlog skuldig gemaak het. Hierdie onderskatting en oorskatting is nie tot grootpraterige propaganda beperk nie, maar die nugtere en deskundige oorlogsleiding in verskillende lande het hom daaraan skuldig gemaak. Daar was waarskynlik min Pole wat op 1 September 1939 geglo het dat hulle land binne agtien dae nie meer oorlogvoerend sou wees nie. Daar was waarskynlik min mense in Noorweë, Holland en België wat aanvang 1940 geglo het dat hulle lande, gesteun deur magtige Franse en Britse bondgenote, binne enkele dae deur Duitsland beset sou wees. Daar kan ook met sekerheid aangeneem word dat Brittanje en Frankryk in selfoorskatting die mag van die Nasionaal-sosialistiese Duitsland onderskat het toe hulle op 3 September 1939 oorlog verklaar het. Dit kan ook met sekerheid aangeneem word dat die Duitsers die mag van Rusland, Amerika die mag van Japan en Italië die mag van die Britte hopeloos onderskat het. Hierdie selfoorskatting en onderskatting van die vyand is altyd baie gevaarlik en in die loop van die huidige oorlog was dit dikwels die oorsaak van groot nederlae en die bron van veel onheil vir die eie land en volk.

### Geallieerde Lugaanvalle en Ooswaartse verskuiwing van Duitse Nywerhede.

Dit is derhalwe verkwikkend om af en toe uit die mond van Amerikaanse en Britse staatsliede 'n waarskuwing teen selfvoldoening of selfvergenoegsaamheid, d.w.s. teen selfoorskatting en onderskatting van die vyand te verneem. In 'n stryd om lewe en dood wanneer die „blink kant" altyd behou moet word en wanneer objektiewe nugterheid en defaitisme soms as sinonieme beskou word, is waarskuwings teen selfoorskatting en onderskatting van die vyand nie maklik nie.

Met die oog op die intensiewe Geallieerde lugaanvalle op Duitse en Italiaanse stede en die oordrewe optimistiese verwagtings wat die Geallieerde propaganda van dergelike lugaanvalle koester, is dit interessant om te verneem wat die Londense Times van 'n paar maande gelede in hierdie verband geskryf het. Volgens die blad sou daar 'n reorganisasie van militêre en industriële reëlings in Duitsland plaasvind. Baie vliegtuig-fabrieke in Frankryk word b.v. gesluit, en ander word opgerig in Suid-Duitsland en Sentraal-Europa. Daar is dus 'n ooswaartse verskuiwing van die nywerhede en arbeid. Produksie word opgeknap in die nuwere fabrieke van Slowenië, Kroasië en Hongarye. Hier reken die Duitsers op baie elektriese waterkrag en aluminium vir werke wat in moeilike landskappe versteek is. Nagenoeg 6,000,000 werkliede sou nou in Suid-Duitsland en Sentraal-Europa besig wees. Aldus die Londense Times.

Dit kan met veiligheid aangeneem word dat 'n ooswaartse verskuiwing van nywerhede en arbeid op groot skaal in Duitsland plaasgevind het en nog plaasvind. Hieruit volg dat die vroeër lewensbelangrike Wes-Duitse nywerhede nie langer lewensbelangrik is nie. Indien dit die geval is, dan kan die Britse en Amerikaanse lugaanvalle op Wes-Duitse nywerheidstede vir die oorlogvoering nie so beslissend wees as die Geallieerde oorlogberiggewing te kenne wil gee nie. Die lugaanvalle kan dus veel ongerief en ellende vir die betrokke bevolkings veroorsaak, maar op sigself kan dit geen beslissing bring nie as die oorlogsnywerhede verskuif en buite die trefafstand van Geallieerde bomme is.


## Schoemanello Drank . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:—K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**



Ondersteun Ons Adverteerders



## MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

BESTE HEERSENDE PRYSE.

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

Eienaar: GUSTAV BETIEF.

Telefoon 2-0212.



*Maak Kennis met die*

## Nuwe Volkspele

**Opgestel deur Hester Morrison**

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

**M. L. de Villiers**

Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

**Bestel by die uitgewers,**

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY,**

**Posbus 28, Stellenbosch**

**of by u Boekhandelaar.**


## OP DIE SPOOR VAN DIE OSSEWA VYF JAAR GELEDE

**„Die ossewa wat om drie-uur die oggend die derde skof vanaf Philadelphia aanvaar het, het in die middag kort ná twee-uur by Abbotsdale aangekom, waar 'n kommando van 300 perderuiters hom tegemoet gekom en geleide na die dorp gedoen het.**

**Voor aan die spits het sewe verkenners gery. Daarna het die wa gevolg waarop van die oudste inwoners van die Swartland plaasgeneem het. Agter die wa het die 67-jarige oom Gawie Steyn in sy element gevoel in sy hoedanigheid as remdraaier. Toe het die lang ry perde twee-twee in gelid gekom en heelagter 'n groot aantal motoriste en voetgangers wat al juigende meegedoen het. Toe die Ossewa oor die laaste bult voor die dorp verskyn, het die eeu-ou skeepskanon vanaf die klipkoppie in werking gekom en aan die wagtende massa anderkant die brug met skoot op skoot die tyding aangekondig . . . '—(Gedenkboek.)**

**Die Ossewabrandwag beweeg voort!**


## DE KOCK se GARAGES

**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.**

**Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.**

Eienaar: **D. D. DE KOCK**

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**



Voeg

**DIE DAAD**

by

**DIE WOORD**

Rook



Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.

Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.

**V.M.K. BPK., Groote-Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD,**

**VLAM, BPK., Groote-Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.**

*Takkantore dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in Suidwes-Afrika.*



ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 11 AUG. 1943

# Wen Terug U Bloed

In 'n onlangse uitgawe het ons beklemtoon dat ons volkseenheid in sy geboorte geleë is en nie in die een of ander politieke versameling nie. Ons het 'n **natuurlike** eenheidsgrondslag — dié van bloed en hart. Die verdeeldheid daarenteen rus op 'n **kunsmatige** grondslag omdat dit partygrense tussen eengeborenes trek en hulle dan wysmaak dat die draers van die eiebloed teenstanders, ja vyande is wat tot die dood toe beveg moet word. Hierdie verdelingspolitiek het ten gevolge gehad dat volksmanne wat in gewone omstandighede aangeteken sou wees as groot, ondergegaan het met smaad en veragting gekoppel aan hul nagedagtenis. **Omdat ons in die opponerende party met vyandskap gesien het en nie die warm volksharte wat daarbinne klop nie, het ons die verdoemende woord ,,verraad" gaan toepas op volksgenote wat voor die regbank van die geskiedenis beslis van hierdie smet onthewe sal wees.** Dat ons op hierdie wyse juis ware volksverraaiers gekweek het, het nooit by ons opgedaag nie.

Die eie-party is verhef tot die volk. Wat daarbinne was, was goed en wat buite was, was vyandig en sleg. Ons het dit nie nou teen een of ander bepaalde party nie. Alle partye maak daarop aanspraak dat hulle die volk verteenwoordig en dat volkseenheid net binne hul eie geledere verkry kan word. **Maar onderwyl elkeen bekers vol trane stort oor die verdeeldheid van die volk, is elkeen besig om sy volksgenote in die ander party uit te maak vir verraaiers, vyfdekolonners, Nazi's of hanskakies. En onderwyl alle partye beroepe doen op eenheid is elkeen besig om volksgenote in die ander party met stoele te slaan, met tamaties te begooi en met leuens te belaster. Uit hierdie gebrou hoop hulle dan om volkseenheid te bewerkstellig!**

Nou het ons volk binne die Ossewabrandwag tot 'n nuwe ontdekking gekom. Ons het begin besef dat ons volk 'n eenheid **gebore** is en dat die toevallige en kunsmatige politieke indeling van 'n Afrikaner geen verandering kan bring aan sy bloed en wese nie. Slegs wanneer 'n volksgenoot doelbewus 'n gesindheid van vyandskap teenoor sy eie volk openbaar en te kenne gee dat hy hom meer tuis voel by 'n ander volk, kan so 'n Afrikaner beskou word as nie meer lid van sy volk nie.

Ons het dan ook tot die verdere ontdekking gekom dat die partypolitieke oortuiging in die hart van 'n volksgenoot solank hy dit met sy eie volk goed meen, nooit op sigself genoegsame grond vir verwerping kan wees nie. In ons eie land is daar duisende waardige draers van Afrikanerbloed wat weens partytradisie of eerlike oortuiging vir jare lank as ,,verraaiers" beskou was deur diegene wat gemeen het om die nasionale vaandel in die partypolitieke te swaai. Hierdie duisende volksgenote is, sover dit 'n groot deel van ons volk betref, in die buitenste duisternis uitgesluit. Dit is die taak van die Ossewabrandwag om die nasionale bloedstroom weer vryelik te laat deurvloei na hierdie deel van ons volksliggaam wat deur partypolitieke bande afgebind was. Dit sal vir ons en vir hulle maklik wees as ons net besef dat 'n man se oortuiging in die partypolitiek nie op sigself sy waarde as volksgenoot bepaal nie. Daar is talle waardige volksgenote wat vandag eerlik oortuig is dat die oorlog in belang van Suid-Afrika gevoer word, volksgenote wat met die lig wat hulle het, reeds swaar offers gebring het. Hierdie Afrikaners kan nie op grond van hul oortuiging verstoot word nie. Maar as ons met partypolitieke maatstawwe gaan meet, sal hulle verwerp word, want in die partypolitiek word 'n man vir veel minder as dit verwerp en vernietig.

Die grondslag van die Ossewabrandwag is dié van bloed. **Op hierdie grondslag alleen het ons volk die hoop op oorlewing.** Laat ons die nuwe gesindheid van lotgemeenskap daarom toepas en in die eerste plaas in ons mede-Afrikaner 'n mede-stryder sien. Eerbiedig sy oortuiging in sover hy daarmee die welvaart beoog van dieselfde volk wat ons probeer dien. So sal ons hom wen, **want hy moet gewen word omdat hy bloed van ons bloed is.** As daar te haat en te veg is, haat en beveg die euwels van eie-belang, onderkruiping en onopregtheid — euwels wat 'n voedsame bodem gevind het in die partypolitiek waar tweedrag die begin en die einde van alle optrede was. En laat ons bo alles dit onthou: **die eenheid van 'n volk kan nie ingekraal word in die een of ander organisasie of party nie — selfs nie binne die Ossewabrandwag nie. Ook daardie volksgenote wat buite ons geledere staan, behoort tot die volk, want ons is één gebore — nie gemaak nie.**

# Min of Meer Belangrik

### *Laat Maar Vrot-beleid*

Na berig word, het die kapitalistiese bewind vanjaar weereens 'n miljoen sakkies lemoene vernietig laat raak. Die vrugte is eenvoudig toegelaat om aan die bome te vergaan, onderwyl daar tienduisende ondervoede gesinne in ons land is. Dit is glo die maklikste manier van regeer in die demokrasie naas die aanstelling van kommissies van ondersoek.

* * *

### *Patriotte*

Volgens Engelse nuusberigte is daar nou in Italië ook pátriotte. Die betrokke Italianers is tot hierdie erestatus verhef op grond van hul beroepe dat hul koning moet abdikeer of vredesluit. In Engeland en in ons eie land word mense wat sulke beroepe doen, vyfdekolonners en Nazi's genoem.

* * *

### *Gevaarlik*

Die Brits-Amerikaanse bewindvoerders het 'n beroep op onsydige lande gedoen om geen toevlugsoord aan sogenaamde ,,oorlogsmisdadigers" te verleen nie. Waar die begrip ,,oorlogsmisdadigers" so rekbaar skyn te wees dat selfs maarskalk Badoglio nou daarbinne betrek word omdat hy verkies het om sy vaderland nie sonder stamp of stoot uit te lewer nie, is dit maar 'n gevaarlike versoek. Dit lyk of Hamman tevergeefs gehang het.

# O.B.-Gedenkkaarte in Plaas van Geskenke of Blomme

## Nuwe Plan met Oog op Kindersorg

**In 'n omsendbrief aan die Wes-Kaaplandse vroue-offisiere gee genl. mev. J. S. du Toit uitvoering aan wenke wat by geleentheid van die vroueleer kort gelede in Kaapstad te berde gebring is in verband met die oprigting van 'n fonds vir kindersorg. Die idee is om geld in te samel sonder dat iemand 'n enkele pennie daarvoor hoef te gee. Al wat gebeur is dat 'n persoon sy geldjies wat in gewone omstandighede in 'n ander rigting sou vloei, nou in hierdie fonds keer.**

Die idee is dat by sekere geleenthede soos verjaardae, geboorte, doop, siekte of dood 'n O.B.-kaartjie die belangstelling aan die betrokke vriend oordra in plaas van geskenke, blomme of kranse. Die bedrag wat die persoon sou bestee het aan hierdie vriendskapsblyke word dan in die fonds gestort.

Daar is vier verskillende kaartjies wat pas by die verskillende stemminge. Indien iemand by voorbeeld verjaar, dit hoef nie net 'n O.B.-lid te wees nie — stort sy vriend die bedrag wat hy andersins aan 'n geskenk sou bestee het, in die fonds vir kindersorg. In sy naam word dan 'n kaartjie aan die betrokke persoon gestuur. Daar word op gewys dat groot bedrae jaarliks in blomme gestoek word, maar dat na enkele dae — soms ure — die blomme weggegooi word. **Nou egter gaan daardie geld iets veel nuttigers verrig terwyl die blyke van belangstelling of vriendskap, wat hoofsaak is, tog geopenbaar word.**

Die kaarte word genoem die Ossewabrandwag-gedenkkaart en alles wat dit inbring gaan na die kindersorg van die Ossewabrandwag. Enige bedrag kan gestort word, maar nie minder as 'n halfkroon nie. Die gelde word gebruik om mediese hulp te verskaf, vir vakansies, skoolbehoeftes en selfs vir die moeders van suigelinge.

Die kaarte is by die kommandante van elke kommando verkrygbaar. Sy ontvang die geld en stuur die kaart namens die skenker aan die persoon wat verjaar, kinddoop, siek is, of wat die geval ook al mag wees.

# MAAK DIT STERK

*Die O.B.* as mondstuk van die Ossewabrandwag is in 'n tyd waar persoonlike kontak steeds moeiliker word, by uitstek die verkondiger van ons nuwe gedagte. Op die oomblik is ons nog toegewys op die woord as middel om die geestelike verowering van die kapitalisme en demokratisme te bewerkstellig. Solank dit die geval is, moet alle middele aangewend word om te sorg dat die woord sy volle draagwydte bereik. Dit kan alleen gedoen word as ons ons blad steeds sterker en groter maak. Daarvoor is advertensies nodig. Elke Brandwag behoort dit as sy plig te beskou om by besighede aan te klop om advertensies, en waar firmas reeds adverteer, hulle te ondersteun en die bestuur te bedank vir hul ondersteuning van ons blad. Noem dan ook gereeld *Die O.B.* se naam as u van 'n adverteerder koop.

Verder kan Brandwagte persoonlik bydra deur aankondigings van verlowings, huwelike, geboortes, sterfgevalle, ens. in ons advertensiekolomme te plaas, as ook van goedere wat hulle wil koop of verkoop. Hierdie advertensies behoort in die eerste plaas aan ons eie blad gestuur te word.

Advertensies afkomstig uit Transvaal, die Vrystaat en Natal kan na posbus 4892, Johannesburg, en dié uit Kaapland na posbus 1411, Kaapstad, gestuur word.

# BLYWENDE GETUIENIS VAN NUWE GEES

### O.B.-Noodhulpfonds

Die Ossewabrandwag het voorwaar geen behoefte aan 'n kunsmatige propaganda-masjinerie waardeur die noodsaaklikheid en voortbestaan van die O.B. voortdurend geregverdig moet word nie. Die stille en blywende dade van die O.B. spreek daarvoor self 'n duidelike en direkte taal. Dit is vir die O.B. nie nodig om te teer op groot aangekondigde skemas en mooi beloftes, wat uit daadloosheid voortspruit nie, want die O.B. leef en bestaan voort deur te handel in diens van die volksgeheel.

Sonder uiterlike propaganda-stories, sonder skemas, sonder beloftes en sonder verwyte het die Ossewabrandwag in die uur van benoudheid, toe honderde Afrikaners deur 'n diktatoriale Empirebewind in kampe en tronke gestop is, hul mede-Afrikaners te hulp gesnel en die versorging van honderde Afrikaanse moeders en kinders op sy skouers geneem. Sonder amptelike steun van die Afrikaanse Kerke en Afrikaanse volksorganisasies, waardeur die Helpmekaarbeweging ná die Rebellie gedra is, het die Ossewabrandwag stoksiel-alleen hierdie versorgingsplig aanvaar. **Nie met groot bedrae van ander liggame en welgestelde Afrikaners nie maar met die geroelde en getroue geldelike offers van duisende arm volksgenote het die Ossewabrandwag die volksplig teenoor die afhanklikes van geïnterneerdes en gevangenes nagekom op 'n wyse wat ons volk altyd tot eer sal strek.**

Die Ossewabrandwag vra geen dank en beloning vir die getroue nakoming van sy plig teenoor die lydende volksgenote nie. Elke Brandwag toon deur 'n gereelde maandelikse offerdaad dat hy of sy slegs hul eed om die mede-Afrikaners nooit in die steek te laat nie, nie in 'n gees van ligsinnige meedoenery nie, maar in alle erns afgelê het. Die O.B. versorg nie die lydende volksgenoot om daarmee roem en simpatie te verwerf nie of om sy eie belang te soek nie.

Die O.B. ag dit ook nie nodig om die Brandwagte gereeld op te roep en aan te spoor om tot die Noodhulpfonds by te dra nie. Die O.B. sorg alleen daarvoor dat elke Brandwag 'n eerlike en grondige sosiale gesindheid sal aankweek, dat elkeen die lewensbeskouing ,,Ek is my broer se wagter" innerlik sal verwerf en vir homself sal toeëien en dan weet die O.B. dat die offers vir die versorging van die noodlydende volksgenote steeds sal toeneem. **Die Brandwag wat reeds uit hierdie gesindheid handel, versuim nie om sy noodhulpplig getrou na te kom nie en vra ook nie dat hy voortdurend daaraan herinner moet word nie. Die O.B.-noodhulpfonds het 'n blywende getuienis van die geboorte en verdere werking van 'n nuwe sosiale gesindheid in ons eie volkslewe, gedra deur ons Volksbeweging, geword.**



# Kweek Regte Gesindheid by Jeug Ten Opsigte van die Arbeid

## Dr. Cronjé oor Vrou se Plek in Volkslewe

**Op grond van die natuurlike verskille wat daar tussen man en vrou bestaan, volg dit dat elk in die volksarbeid 'n onderskeie taak sal hê. Oor die algemeen kan gesê word dat die hooftaak van die man in die volksarbeid geleë is in die beoefening van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns. In soverre die vrou met hierdie werksaamhede te doen het, is haar arbeid in hoofsaak aanvullend by dié van die man. In elk geval staan dit vas dat die vrou volgens haar natuurlike aanleg nie haar hoogste lewensroeping in hierdie by uitstek manlike arbeidsterrein vind nie, het prof. dr. G. Cronjé by geleentheid van die A.N.S.-kongres op Potchefstroom onlangs gesê in 'n referaat oor die arbeid van die vrou.**

Wat betref die arbeidstaak van die vrou, het hy gesê, moet van die standpunt uitgegaan word dat sy kragtens die moederskap voortdurend nuwe lewe aan die volksgemeenskap skenk. Uit haar spruit altyd weer nuwe geslagte. **Sy wat die lewe skenk, sy behartig ook die versorging en die opvoeding.** Die natuur het dit so beskik en hierdie besondere aanleg van die vrou is so uitgesproke dat daaroor nie geredeneer kan word nie. Sy is by uitstek die versorger en opvoeder van die volk. Hier is haar hooftaak in die volksarbeid geleë. In soverre die man met hierdie werksaamhede te doen kry, is dit nie vir hom die hoofsaak nie maar is sy arbeid aanvullend by dié van die vrou.

Die versorgings- en opvoedingsarbeid van die vrou het allereers betrekking op haar eie gesinslewe. Dit is vir elke vrou 'n vanselfsprekendheid dat sy haar hoogste lewensroeping in die moederskap moet vind, — moeder van die kind en moeder van die huisgesin. Wanneer die vrou die terrein van die beroepsarbeid betree, weet sy en dan bedoel sy dat sy daar maar net **tydelik** sal vertoef. Altyd sien sy in die toekoms haar eie kind en haar eie huisgesin. As sy in die toekoms lewe, dan sien sy onwillekeurig haarself as huisvrou en moeder. Die vrou is die vernaamste skepper van die huislike lewe. Sy is die hoofpersoon in die gesinsvorming. Sy voed haar kind op soos haar man dit nooit kan doen nie, want die kind staan nader aan sy moeder as aan sy vader. Soos sy hom daagliks versorg, voed sy hom op, en daardie opvoeding kan deur niks ter wêreld vervang word nie en die egte vrou wil dit ook vir niks ter wêreld afstaan nie. Dit bly vir haar hoofsaak en hooftaak.

Die versorgings- en opvoedingsarbeid van die vrou is egter nie net in die huisgesin geleë en nie bloot tot die huisgesin beperk nie. Buite die huislike kring is daar in die breëre volkslewe 'n hoogs belangrike opvoedings- en versorgingsterrein waar die arbeid van die vrou onmisbaar is en waar die vrou nie deur die man vervang kan word nie. Ons kan hierdie terrein bestempel as vroue-volksake waarin die volksorg in die besonder sterk op die voorgrond gestel moet word. Op hierdie arbeidstaak van die vrou sal meer in besonderhede ingegaan word wanneer die eie taak van die vrou in die volksbeweging aangedui sal word.

Op die oomblik moet egter nog op twee belangrike sake die aandag gevestig word:

1. **Die vrou se versorgings- en opvoedingstaak in haar eie huisgesin moet by haar altyd swaarder weeg as haar versorgings- en opvoedingsarbeid in die breëre volkslewe.** Dit moet doelbewus voorkom word dat die vrou in die breëre volkslewe sodanig ingespan word dat sy aan haar eie huisgesin nie reg kan laat geskied nie.

2. Die vrou se nakoming van haar huislike opvoedings- en versorgingstaak is ook arbeid en daar is na regte geen ander deel van die volksarbeid wat in waarde hoër geskat kan word nie. Ongelukkig is dit waar dat in die huidige samelewing die vrou vir die nakoming van haar huislike en moederlike taak maar baie min waardering ontvang.

### ARBEIDSOPVOEDING

Met die arbeidsopvoeding van die vrou word nie haar beroepsvoorbereiding bedoel nie. Die arbeidsopvoeding het ten doel om by die mens **die regte lewenshouding en gesindheid t.o.v. die arbeid aan te kweek,** b.v. om by die mens, en veral reeds by die kind, die besef tuis te bring dat arbeidsbeoefening vir elkeen 'n noodwendigheid is, dat arbeid hom in staat stel om iets tot stand te bring, om die mens te leer om eerbied vir alle arbeid te hê, om die mens op te voed tot verantwoordelikheidsgevoel en lewensdissipline, hom te help om behae in die arbeid te skep, en inisiatief en ondernemingsgees as ook deursettingsvermoë aan te kweek.

Hierdie arbeidsopvoeding moet uit die aard van die saak baie vroeg al begin. Vandat die jong kind self dingetjies kan doen, moet klein werksaamhede wat vir die huislike lewe noodsaaklik is, aan hom vir uitvoering toevertrou word, sonder dat op sy lewe van ongekunstelde spel inbreuk gemaak word. Namate die kind groter word, moet sy pligte en verantwoordelikheid toeneem. Ongemerk vind sy arbeidsopvoeding dan plaas, d.w.s. die kind ontwikkel tot 'n mens met verantwoordelikheidsgevoel.

Wat die arbeidsopvoeding van die dogter betref, kan die saak so gestel word dat sy só in die pligte en werksaamhede van die huishouding ingeskakel moet word dat daar by haar die gevoel posvat dat sy daar onmisbaar is en vir haar moeder van groot waarde is. **Langs dié weg moet die arbeidsopvoeding by die dogter die besef tuisbring dat sy haarself voorberei om eendag self huisvrou en moeder te wees. Die meisie se arbeidsbesef moet dus ten nouste aan haar gesinsbesef gekoppel wees.**

Dit sal belemmerend op die arbeidsopvoeding van die dogter werk indien die moeder haar huishoudelike pligte geheel of grotendeels aan haar bediende oorlaat.

Die dogter moet ook nie sodanig met huishoudelike pligte oorlaai word dat sy 'n teësin in daardie arbeid kry nie.

### ARBEIDSDIENS

Met die arbeidsdiens word, veral met die oog op die opvoeding van die jeug, die volgende beoog:

Deur die verrigting van eenvoudige hande-arbeid moet die volksjeug allereers opgevoed word tot opregte waardering van die arbeid en die arbeidsgemeenskap.

Deurdat die jeug uit alle volksdele dieselfde eenvoudige hande-arbeid verrig, word hulle opgevoed tot verwerping van alle klasseverskille, d.w.s. hulle word opgevoed tot die besef dat hulle bo alles volksgenote is wat binne dieselfde lotsgemeenskap aan mekaar verbonde is.

Deur die arbeidsdiens moet verder by die jeug die besef tuisgebring word dat die arbeid wat hulle verrig, vir die hele volksgemeenskap waarde het, d.w.s. die besef dat arbeid eintlik volksdiens is.

Met die arbeidsdiens word ook beoog om by die jeug verantwoordelikheidsgevoel en dissipline aan te kweek en om die besef tuis te bring dat die mens alleen langs die weg van die arbeid waaragtige selfstandigheid kan verkry.

Ten slotte het die arbeidsdiens ten doel om die jeug deur die gesamentlike arbeidsverrigting op te voed tot nasionale saamhorigheid.

**Daar moet op gewys word dat die arbeidsdiens van die dogter geheel anders moet wees as dié van die seun. Terwyl die seun veral in die bodemdiens werksaam moet wees, moet die arbeidsdiens van die dogter uit die aard van die saak veral gesinsdiens wees.**

Wat in hierdie verband uiteindelik beoog word, is dat die volkstaat die arbeidsdiens vir elke seun en dogter verpligtend sal maak, sê b.v. by skoolverlating, en dan ook vir minstens een jaar.

**Elke dogter moet dan ook praktiese gesinsdiens verrig in huisgesinne waar hulp dringend nodig is, b.v. waar die moeder siek is, of waar die kindertal groot is, of waar die moeder oorlaai is met werk en afgelos behoort te word, ens. Die sogenaamde klasseverskille mag hier geen rol speel nie. Die dogter van die staatshoof moet dit b.v. as 'n eer beskou om in 'n arm huisgesin sonder beloning behulpsaam te wees omdat sy deur daardie gesinsdiens haar arbeidskrag in die diens van haar volk stel.**

Solank ons so 'n stelsel van staatsarbeidsdiens nog nie het nie, moet ons van ander moontlikhede gebruik maak om die arbeidsdiens vir die dogter aan die gang te kry. Dit kan b.v. baie goed in die jeugbeweging ingeskakel word. Die arbeidsdiens word dan as 't ware in die tussentyd o.a. 'n onderdeel van die jeugbeweging.

Daar bestaan egter ook 'n skitterende moontlikheid vir arbeidsdiens vir die volwasse vrou. Veral op die oomblik moet van hierdie geleentheid die beste gebruik gemaak word. Ons volk verkeer in 'n noodtoestand soos ons tevore byna nie geken het nie. Ons volksbeweging het 'n ongeëwenaarde en bomenslike stryd aangeknoop. Die stryd het reeds sy offers geverg en verg nog steeds meer offers. Honderde van ons volksgenote sit reeds in kampe en tronke en hul huisgesinne moet deur die Volksbeweging onderhou word. Dit is ons ereplig en hierby kan ons 'n belangrike doel van die arbeidsdiens van die vrou aanknoop. Veral die volgende sal in hierdie verband belangrik wees:

Deur handewerk kan vir die slagoffers en hul afhanklikes geskenke gemaak word, veral kers- en verjaardaggeskenke. Hoe gering hierdie geskenke ook al mag wees, daardie volksgenote sal dan weet dat ons wat hulle strydgenote is, hulle nie vergeet nie, hulle nie in die steek laat nie en hulle hande nie los nie.

Met haar hande kan die vrou en die dogter dinge maak wat ten behoewe van die Noodhulpfonds en vir die strydfonds van die volksbeweging verkoop kan word. Hierdeur sal die vroue en dogters van die Volksbeweging in onbaatsugtige volksdiens saamgesnoer word en tegelykertyd sal dit ons reeds so verwaarloosde huisvlyt kragtig laat herlewe.

Ten slotte kan die vrouearbeidsdiens toesien dat in die huisgesinne van ons slagoffers huishoudelike hulp verleen word namate dit nodig mag wees.

In 'n volgende uitgawe sal ons daardie deel van die toespraak plaas wat oor die beroepsarbeid van die vrou handel.

# Verkiesings onder die Trekkers Enigste Oorsaak van Rusies

Volgens L. Rompel-Koopman in haar boek „Wat Mevrouw Generaal Joubert vertelt", het mev. Joubert ook die een en ander oor verkiesings onder die Voortrekkers meegedeel. Op bladsye 70—71 lees ons o.a. die volgende: „Ons vroue het altoos in vrede geleef, want ons het baie gevare en baie verdriet saam deurgemaak en dan dink 'n mens nie aan skinder nie, want dis die ding wat rusies maak. **En die mans het almal fluks gehoorsaam as die kommandant hulle oproep om te gaan spioen of laers af te ry om te waarsku. Nooit was een onwillig gewees nie, hulle is alte bly gewees om te kan help**

„Daar was nie drank in die laers nie en so is ook onder die mans nooit **rusies gewees nie . . . . Die enigste rusies is net gewees as daar verkiesings was."**

En op bladsy 80 lees ons: **„Die ondersteuners van die kandidaat wat nie gekies is nie, is nie altoos tevrede gewees nie, nes teenswoordig."**

Vandag is dit die partypolitiek wat die verkiesingstwisappel onder ons mense ingooi en die Ossewabrandwag wil hierdie **enigste oorsaak** van twis en tweedrag uit ons volkslewe verban.


W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

SASBANK

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .*

Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

G. C. du Plessis en Kie.

Môremark, JOHANNESBURG.

Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."

Skryf om besonderhede en adreskaartjies.

Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.




Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

## UITDAGER SKIET £5 IN

Die volgende voorval bewys weereens dat 'n mens maar versigtig moet wees met sy uitdagings wanneer hy met die Noodhulpfonds van die O.B. te doen het.

Hoofkommandant P. Cronjé, van Vaalbank, P.K. Talana, in Natal, is onlangs deur 'n O.B.-vriend uitgedaag om binne 14 dae £20 in te samel vir die Noodhulpfonds en as hy daarin sou slaag sou die vriend self £5 bydra. Hfkomdt. Cronjé het onmiddellik die uitdaging aanvaar en binne 8 dae het hy £29 ingesamel gehad. Die vriend moes sy £5 betaal en 'n tjek vir £34 kon na die Noodhulpfonds gestuur word. Hfkomdt. Cronjé het die voordeel gehad dat hy ook sy bydraers kon vind op 'n generaalskap-offisierslaertrekking, wat o.a. ook deur die Kommandant-generaal, gebiedsleier C. A. Pienaar, genl. dr. P. J. Meyer en genl. H. J. Anderson bygewoon is. Hy het dan ook nie een van hulle gespaar nie.

Die bydraers was die volgende: Gebiedsgeneraal C. A. Pienaar (£2-5), hoofkomdt. P. C. A. Cronjé, veldk. O. R. Peters, veldk. C. van Rensburg, W. Ries, mev. A. de Jager, komdt. F. de Jager, komdt. mev. C. de Jager, J. A. Labuschagne, R. Moolman, mev. Venter, genl. D. J. Dannhauser, A. G. Dannhauser, Jr., Van Rooyen-gesin, komdt. H. A. Meintjies, mev. S. M. Friend, komdt. J. D. van Coller, hoofkomdt. A. Adendorff, hfkomdt. C. T. du Plessis, adj.-veldk. J. C. Koch, dr. J. F. J. van Rensburg, genl. dr. P. J. Meyer, genl. H. J. Aanderson, adj.-veldk. J. C. van Rooyen, komdt. G. Viviers, mej. Uys, mev. J. Pienaar (elkeen £1), asst.-veldk. G. Landman (15/-), Uitdager (£5).

## BOEREJEUG VAN STELLA BEDRYWIG

Boeredogter Agatha Havenga van Goedgegun, pk. Maribogo, berig dat die Boerejeug van die kommando Stella die net bedrywig is. Hulle is onlangs deur die Veldkornet almal op 'n wa gelaai en op egte Boerewyse het hulle gaan uitkamp. Hulle het gespeel, gesing en geleer, want die Veldkornet het vir hulle ook 'n lesing gehou oor dissipline. Hulle was ook van plan om hard te werk vir 8 Augustus.

## O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

**VRYSTAAT GEBIED C tot 23 JULIE**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 6,575 | 1 | 11 |
| Kommando 2a2 en 2a7 | 3 | 0 | 0 |
| ,, 2c2 | 2 | 0 | 0 |
| ,, J2c7 | 2 | 6 | 0 |
| ,, 2c7 | | 13 | 4 |
| ,, 3a1 | | 10 | 0 |
| ,, 3b6 | 1 | 19 | 6 |
| ,, J4b1 | | 10 | 0 |
| ,, 4b1 | 1 | 14 | 6 |
| ,, 4b3 | 4 | 0 | 0 |
| ,, 4d1 en 4d6 | 6 | 2 | 0 |
| ,, 4b7 | 2 | 5 | 6 |
| ,, 5a6 | 2 | 9 | 6 |
| ,, 5a9 | 1 | 17 | 6 |
| ,, 5d2 | 8 | 0 | 0 |
| ,, 5d6 | 5 | 0 | 0 |
| ,, 5e6 | 1 | 7 | 0 |
| ,, 6a2 en 6a7 | 2 | 13 | 6 |
| ,, 6a6 | | 15 | 6 |
| ,, 6b2 en 6b7 | 7 | 10 | 7 |
| ,, 6b6 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 6b8 | | 8 | 0 |
| ,, 6d6 | 3 | 19 | 6 |
| ,, 7a7 en 7b2 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 7b1 | 10 | 0 | 0 |
| ,, 7b2 | 1 | 15 | 0 |
| ,, 7b6 | 3 | 0 | 0 |
| ,, 7c1 en 7c6 | 13 | 8 | 9 |
| ,, 7c2 en 7c7 | 9 | 6 | 6 |
| ,, 7c8 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 9a1 | 5 | 0 | 0 |
| ,, 9a3 | 12 | 13 | 6 |
| ,, 9b6 | 1 | 17 | 0 |
| ,, 9b8 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9c6 | 10 | 0 | 0 |
| ,, 9d1 | 9 | 0 | 0 |
| ,, 9e7 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9e8 | | 4 | 0 |
| ,, 11b1 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 11b6 | 2 | 5 | 0 |
| ,, 11d1 en 11d6 | 2 | 19 | 0 |
| ,, 11d8 | 2 | 10 | 0 |
| ,, 12a2 | 3 | 2 | 0 |
| ,, 12b6 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 12c2 | 18 | 19 | 0 |
| ,, 12c7 | 6 | 0 | 0 |
| Hoofkwartier-staf (Gebied C) | 1 | 1 | 0 |
| D.K. Dreyer, Bloemfontein | 2 | 0 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein | | 10 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein | 1 | 0 | 0 |
| Sentrale Hoërskool-Koshuis Veldkornetskap | | 12 | 0 |
| Spoorweg-dameskommando | 25 | 0 | 0 |
| Totaal: | £6,786 | 6 | 7 |

## *VERJAARDAGKETTING*

**12 Aug.:** Bettie Botha (Stellenbosch), Obed Oelofse (Port Elizabeth), Isak v. d. Schuff (Port Elizabeth), Lulu Gericke (Mosselbaai).

**13 Aug.:** Susanna Ellis (George), Nolden Hesketh (Sutherland), Johanna Steenkamp (Upington), Herman du Toit (Wellington), Elsie van Rensburg (Kirkwood).

**14 Aug.:** Hilda Kotze (Observatory), Josepus Olivier (George), Stella Heyns (Bellville).

**15 Aug.:** Bernhardus Olivier (Merweville), Fellicity Louw (Rondebosch), Charlie Pienaar (Rondebosch), Marta van Rensburg (Mosselbaai), E. D. A. Retief (Wellington).

**16 Aug.:** Johanna Smit (Merweville), Johanna Smith (Merweville), Hendrieka Bothma (Prins Albertweg), Martha Strydom (Cradock), Maria van Niekerk (Bellville), Gerhardus Kriel (Upington).

**17 Aug.:** Gustave Symington (Sutherland), Frederika Kok (Johannesburg).

**18 Aug.:** Barend Boshoff (George), Drika van Heerden (Carnarvon), Johanna Westraad (Kirkwood).

## WAARDERING VIR KAMP

Die volgende uittreksel uit 'n brief wat mev. Jessie Williams, van Rustenburg geskryf het aan genle. mev. K. Malan, wat die bevelvoerende offisiere was van die groot O.B.-vrouekamp wat in Mei naby Roodepoort gehou is, is 'n duidelike bewys van die groot betekenis van die kamp vir diegene wat dit bygewoon het:

„Verby is 'n week vandat ons teruggekeer het van die Kamp, 'n week van woel en werskaf onder die Rustenburgers. Almal probeer so hard om al daardie mooi dinge wat hulle in die Kamp ondervind het, na te leef. In meer as een huis vind daar 'n jong rewolusie plaas wat betref etes, algemene gesondheid en dissipline. Dis prettig om te sien hoe sommige mans en broers hulle hierdie dinge laat welgeval. Ek vrees dat by 'n volgende laertrek u nie net met veertien Rustenburgers opgeskeep sal wees nie, maar met die hele vroue-kommando.

Daarbuite is alles so wonderlik getooi in herfskleure. Selfs die sombere ou berg sien daar fraai uit, nou geheel in sonskyn. As ek so na alles kyk, voel ek diep hier binne oneindig gelukkig, so bly dat ek lewe, dat ek alles kan aanskou en waardeer. Onwillekeurig dink ek dan terug aan die kamp. Hoe heerlik koud en fris dit was vroeg in die oggend. Ek sien weer die rye wit tente teen 'n agtergrond van sierlik trotse bloekoms en hoog bokant die tente wapper die O.B.-vlag, helderkleurig in die môreson, asof dit alle verbygangers uitdaag deur te sê: „Wee die hand wat my hier kom haal."

Ek sien weer hoe besig vroue, moeders en dogters is, hoe hulle hier byeen vergader met net een doel: die verheerliking van hul God, die opbouing van hul volk en die vooruitgang van hul land, hul eie Suid-Afrika."

Ook van komdte. A. E. Snyman, veldkte. H. Verster en J. Kerling is briewe van waardering ontvang waarin hulle die versekering gee dat die volgende kamp oorstroom sal word.

Briewe van waardering is ook deur die Vrystaatse Gebiedshoofkwartier ontvang van vroue wat die spinkursus in Bloemfontein bygewoon het.


# MEUBELS

**PRYSE STYG VINNIG.**

***KOOP NOU!***

**ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.**

**Werda Meubelhandelaars**
**(Eiendoms.) Beperk.**

**Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**

**Posbus 210.** **Foon 2-6806.**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.
—2090—9/8/43.

## FLUKSE KOMMANDOTJIE

Ofskoon die Vrouekommando van Kuilsrivier betreklik klein is en die lede baie uitmekaar woon dien daar met groot lof gemeld te word van hul mooi prestasie deurdat hulle uit die halfkroon waarmee hulle moes woeker vir 8 Augustus die pragtige bedrag van £28-2-6 byeengebring het. Hulle verdien alle lof vir hierdie mooi stukkie werk wat deur hul prysenswaardige ywer en pligsgetrouheid moontlik gemaak is.

### OSSEWABRANDWAG-DAG TE VREDEFORT

Die Vredefortse kommano's, ondersteun deur Brandwagte onder Generaalskap J. Meyer, vier O.B.-dag op Saterdag, 14 Augustus 1943, beginnende om 11-uur v.m. met 'n amptelike ontvangs van

**DIE KOMMANDANT-GENERAAL.**

Toespraak deur die K.G. en ander hoë offisiere om 2 n.m.

Braaivleis, verkoping, jukskei, ens. van 11-uur v.m.

BRANDWAGTE OP JUL POS!

Alle goedgesinde Afrikaners hartlik welkom.

Op las,
(Mev) M. M. TOMLINSON,
J. VAN JAARSVELD,
Kommandantes.


## *VIR JUKSKEIE* en Kombuisbenodighede

**P. J. KOCK**

**Carolinestraat 146 — BRIXTON**
Foon 35-3882 — JOHANNESBURG


## *Geklassifiseerde Advertensies*

**Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie ruimte opgeneem teen 10/- per duim. Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Kaapland stuur aan Posbus 1411, Kaapstad. Transvaal, Vrystaat en Natal stuur aan Posbus 4892, Johannesburg.**

### GEBOORTE

**LEONARD.** — Aan Ass.-Veldkte. en mnr. M. M. Leonard, Eppingtuindorp, 'n fris O.B.-seun op 22 Julie 1943.

### HUWELIK

**SMITH — NEL:** Aan familie en vriende wens ons, Driekie, enigste dogter van mnr. en mev. Appie Nel van Granaatboskolk, en Johannes, seun van mnr. Krisjan Smith van Brandkop, bekend te maak dat ons gaan trou op 16 Aug. in die Ned. Geref. Kerk te Brandvlei. Geen resepsie. Telegramme Brandvlei.

**ROOS — SERFONTEIN:** Ons, Katie, van Toevertrou, Slabberts, en Kwartus, van Bokpoort, Clarens, maak bekend dat ons gaan trou op Dinsdag, 17 Aug., om 2-uur n.m. in die Ned. Geref. Kerk, Bethlehem-Wes. Gelukwense: Sysaal, Stadsaal, Bethlehem.

### IN MEMORIAM

**STRAUSS.** — In tere liefde dink ons terug aan 2 Aug. 1941, toe van ons deur die dood weggeneem is my dierbaar eggenoot en ons vader Jacob Albertus Strauss.

Stil was sy lewe
Stil sy lyding,
en Stil sy sterwe.

Sy verlangende eggenote en kinders, Cato, Frikkie, Anna, Janie, Rina en Rinattie (kleindogter). Duncan-weg, Tiervlei, en Picton-weg, Parow.

### MEEGEVOEL

**VAN HEERDEN.** — Kommando A2b9 betuig hiermee hul innigste deelneming met die eggenoot en kind in die verlies van hul eggenote en moeder, mev. E. van Heerden.

### BEDANKING

Graag wil ek alle ondersteuners bedank. Neem asb. kennis dat ek nie meer kraalmis verkoop nie. S. Nel, Uitvlugt, Sheldon.

### GELUKWENSING

**LEON,** jou ouers, broers en susters wens jou van harte geluk met verjaardag en veilige toekoms.

**HOU MOED — HOU KOERS.**
H. D. Metelerkamp.

### VERJAARDAG-HULDE

Ouma Geldenhuys van Mowbray het op 22 Julie 1943 haar 75ste verjaardag gevier. Sprankelende geesdrif en vurige vertroue in die O.B.-saak maak haar een van die grootste lewende inspirasies vir die vroue-kommando Groote Schuur.

Haar ywerige belangstelling in die volksbeweging is aansteeklik. In warme meegevoel en vrywillig bied sy so gereeld soos klokslag haar geseënde offers.

Groote Schuur-kommando is ryk in die gedagte aan haar. Vir ons beteken haar liefde vir en belangstelling in ons gemeenskaplike saak meer as enige geld of getalle ooit kan bybring.

### KURSUS

KOM na Graaff-Reinet vir u Kursus in (nuwe) Volksang en Volkspele, gedurende die September-vakansie. Spesiale aandag aan onderwysers(esse) vir leiding gee en getuigskrifte. Besonderhede van: Jan Haarhoff, Bus 115, Graaff-Reinet.

### FONDSDAG

Die Manne- en Vroue-Kommando van Kuilsrivier hou 'n basaar op 19 Augustus in die Gimnastiek-saal om 7-uur n.m. Genl. de Vos sal die basaar open. Na die basaar word volkspele gespeel. Ons nooi alle O.B.-lede en goedgesinde Afrikaners uit.

### BENODIG

JONG getroude man as voorman op plaas. Moet kennis hê van wingerd, tabak en tuin en goed met volk kan werk. Bestuurlisensie 'n vereiste. Kan dadelik begin. Meld salaris verlang. Skryf onmiddellik aan „Boer," Bus 54, Stellenbosch.

### TE KOOP

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 3/6. Besems vir huishoudelike gebruik 2/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arran-chief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. Georgestasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.

S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Edms.) Bpk., waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randroure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: Voortrekkerweg, Maitland.

UP-TO-DATE aartappelmoere, tweede van ingevoerde: goed en gesond, 15/- per sak. S. P. v. d. Walt, Voëlfontein, P.K. Wildfontein.

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: R. Barnard, Langhoek, Groothrakrivier.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.

SPEELSKEIE van harde en taai houtsoorte word aangebied. Bottelvormige skeie 3/9. Vierkantige kop 4/6. Koos Botha, P.S. Serpentine, George.

PETROL-PARAFFIN-ENJIN van 31 perdekrag, International. Sestig uur gewerk. Prys £200. Ru-olie-enjin van 11/13 perdekrag, Buhk. 100 uur gewerk. Prys £150. Albei enjins is so goed as nuut en word vervang deur groter krageenheid. Inspeksie verwelkom. Gelewer padmotordiensbus Allemanskraal. W. J. Hayward, Allemanskraal, Pos Steytlerville.

BROEIEIERS van Australorps, Wit Leghorns, Rhodes, Geel Orpington- en Leghornkruising £2-5-0 per 100. 7/- per dosyn. Dagoudkuikens £6 per 100. Besonderhede van J. S. Viljoen, posbus 183, Bethlehem.


116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

**Steyns**

PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.


*ONDERSTEUN ONS BLAD*